

ERFENISSTIGTING SE BETROKKENHEID BY DIE BEWARING VAN ERFENISHULPBRONNE WAT MET DIE PIONIERSTYD (1852-1899) EN DIE ANGLO-BOEREOORLOG (1899-1902) VERBAND HOU.

Anders as die geval met die Groot Trek-monumente, is die Erfenisstigting (ES) nie die eienaar van spesifieke monumente nie, maar eerder van erfenisterreine soos konsentrasiekampbegraafplase.

Die totstandkoming van die ES het aan kultuurorganisasies soos die Voortrekkerbeweging en die Nederduits-Gereformeerde Kerk die geleentheid gebied om Anglo-Boereoorlog-erfenisterreine wat met verloop van tyd amptelik hulle verantwoordelikheid geword het, na dié nuutgestigte organisasie oor te plaas.

Danie Theron-gedenkteken

Agtergrondgeskiedenis en kultuurhistoriese betekenis

Hierdie besondere gedenkteken is aan die Boereverkenner, kmdt. Danie Theron opgedra en is opgerig op die plek waar hy op 5 September 1900 ontydig gedood is tydens 'n skermutseling met Brits soldate.

Daniël Johannes Stephanus Theron is in 1872 gebore en het sy loopbaan afgeskop as onderwyser in die distrik Kroonstad in 1872. In 1891 het hy in die Soutpansberggebied begin boer, maar besluit na twee jaar om regte te studeer en word 'n intern by 'n regsfirma in Krugersdorp. Daar ontmoet hy vir Hannie Neethling aan wie hy verloof raak, maar in 1898 is sy na 'n kort siekbed oorlede.

Met die uitbreek van vyandelikhede tussen Boer en Brit in 1899, sluit hy by die Boerekommando's aan en het homself spoedig as 'n uitstekende verkenner en leier onderskei. Hy stig die 'wielrijderskorps,' 'n eenheid wat van aangepaste fietse gebruik gemaak het om op treinspore te ry en sodoende vinnig oor die weg te kom.

Na die Slag van Colenso (15 Desember 1899) het hy sy eie eenheid van 100 sorgvuldig gekeurde berede verkenners gestig, wat as "Theron se Verkenningskorps" (T.V.K.) bekend gestaan het. Die T.V.K. het met groot sukses in Suid-Transvaal en die Oranje-Vrystaat geopereer, wat tot Theron se bevordering tot die rang van 'kommandant' aanleiding gegee het. Hy was 'n uitblinker en het bekend geword vir sy vreesloosheid en dapperheid.

Toe genl. Piet Cronjé en sy manne bv. by Paardeberg onder beleg was, het Danie Theron daarin geslaag om te midde van groot gevaar deur die vyandelike linies te sluip om 'n ontsnappingsplan wat genl. De Wet ontwikkel het, aan Cronjé voor te hou. Genl. Cronjé was egter nie te vinde daarvoor nie en het verkies om oor te gee. Theron het ongeskonde daarvan afgekom en daarna sy aandag na aksie in Wes-Transvaal verskuif.

In September 1900 het hy homself in die Gatsrand-gebied tussen Johannesburg en Potchefstroom bevind. As gevolg van 'n misverstand tussen hom en genl. P.J. Liebenberg, het Theron reguit in 'n lokval deur 'n groep Britse soldate geloop. Hy het heldhaftig geveg en drie Britse soldate gedood, maar het self in die proses die hoogste prys betaal. Hy is saam met die drie soldate begrawe.

Die volgende dag het sy manne na sy lyk gesoek. Met die wete dat hy sou verkies het om langs sy verloofde begrawe te word, het hulle hom op 'n plaas naby Fochville herbegrawe, met die bedoeling om na die oorlog aan sy wens te voldoen.¹

Op 10 Maart 1903 is sy oorskot toe in 'n graf langs dié van Hannie Neethling op die plaas Eikenhof naby Johannesburg begrawe. Sy grafsteen is op 28 Desember 1907 opgerig met die volgende woorde daarop gegraveer:

*“Niet hier. Nog steeds voert hy hen aan,
De jong strijders van soon meen gen slag, (sic)
En aan de spits der helden zal hij staan
Wanneer verrijzen zal de lang verbeide dag.”*²

Die Danie Theron-gedenkteken is op 'n klein koppie tussen Johannesburg en Potchefstroom opgerig en is 'n tasbare herinnering aan die lewe en dood van 'n jong man wat 'n inspirasie vir sy mense was.

Theron het 'n legende in sy eie tyd geword as gevolg van sy heldemoed en sy passie vir sy mense. Hy was bv. die inspirasie vir die stig van die 'Danie Theron Krygskool' in Kimberley. Verskeie skole en verkennergroepe dra steeds vandag sy naam, terwyl die storie van sy deursettingsvermoë en tragiese einde van geslag tot geslag oorvertel word, omdat dit romanse en heldemoed uitbeeld.

Die gedenkteken is uniek in die sin dat dit op die plek opgerig is waar een Burger heldhaftig gesneuwel het en deur die jare is kulturfeste en herdenkings op die terrein aangebied.

Verskeie gedenkplate is deur verskillende organisasies op die terrein aangebring, hoewel nie van groot kultuurhistoriese waarde nie.

Wat wel verdere ondersoek verdien, is die klipstrukture wat waarskynlik uit die Ystertydperk dateer toe die gebied deur groepe soos die Taung, Rolong, Kwena en Hurutshe bewoon is.

Bestuur en eienaarskap

Die gedenkteken is in 1950 op Theronkop opgerig en front noord oor die nabygeleë Anglo-Gold Ashanti-myn. Dit is 'n sigbare kliprif wat vanaf die N12 tussen Johannesburg en

¹ F. Pretorius, Danie Theron, in: M.J. Swart, Afrikanerbakens, pp.147-149

² Graf van Danie Theron, Eikenhof, Johannesburg.

Potchefstroom sigbaar is. Die kooordinate is 26.27.76 S en 27.26.27 E. Die terrein is 9 215 m² groot en word deur plase omring.

Die terrein is in die 1940's deur die Wolvaardt-broers, eienaars van die oorspronklike plaas Elandsfontein, aan die Voortrekkerbeweging geskenk, wat vandag steeds 'n kragtige kultuurorganisasie is. In 2002 het die Transvaalse Voortrekkers besluit dat erfenisbewaring nie hulle kernbesigheid is nie en dat die terrein se kaart en transport aan die pasgestigte ES oorgedra moet word.³

Die ES het die gesteelde brons inligtingsbord vervang en die terrein skoongemaak. 'n Informele ooreenkoms is met die myn aangegaan om die terrein skoon te hou en die toegangspad in stand te hou. Met die ES se oorname was daar slegs basiese ablusiefasiliteite op die terrein.⁴

Toekomstige beplande aktiwiteite sluit 'n argeologiese oppervlakopname in om die moontlikheid van verdere navorsing te ondersoek.⁵

Van al die erfenisterreine wat aan die ES behoort, is hierdie terrein die sigbaarste en toeganklikste en beskik oor die potensiaal om lewensvatbaar ontwikkel te word, sou die nodige kapitaal daarvoor gevind kon word.

Die Erfenisstigting, SAEHA en Konsentrasiekampbegraafplase

Konsentrasiekampe (tentkampe) moes grotendeels opgerig word as 'n gevolg van die verskroeiende aarde-beleid wat tydens die oorlog deur die Engelse owerhede gevolg is. Volgens hierdie beleid is byna alle plaashuise afgebrand, vee doodgemaak, landerye afgebrand en Boere se vrouens en kinders dus haweloos gelaat.

Die konsentrasiekampe was oorspronklik bedoel om wapenneerlêers en hulle gesinne sedert middel 1900 te huisves, en dus heropkommandering deur die Boeremagte te vermy. Daar was egter uit die staanspoor ook daklose Boerevroue met hulle kinders, sowel as bejaarde mans, wat hulleself nie vrywilliglik onder Engelse beskerming wou plaas nie.

Teen September 1901 was daar reeds 34 konsentrasiekampe vir blankes in Suid Afrika, met ongeveer 110 000 inwoners, waarvan die grootste persentasie kinders was. Na die oorlog is vasgestel dat 27 927 Boere in die konsentrasiekampe gesterf het, waarvan 26 251 vroue en kinders, 1 676 mans bo 16 jaar en 1 421 bejaarde mans was. Die jongste navorsing dui egter daarop dat die totale getal sterftes in konsentrasiekampe meer as 34 000 beloop het. Die aantal sterftes onder swart mense was ewe skokkend. Terwyl sterftes onder wit kampinwoners begin afneem het teen Desember 1901, het die sterftesyfer in die 66 tydelike swart vlugtelingskampe toegeneem na Mei 1902. Vier en twintig van hierdie kampe was in die

³ ES Argief (Hierna ESA), Lêernr ES 9/7/2/2, vol 1: Transportakte T 055144 03

⁴ ESA, Lêernr ES 9/7/2/6 vol 1, *Gatsrand samevatting van besoek op 4 Junie 2009*.

⁵ ESA, Lêernr ES 9/7/2/5 vol 1, *Danie Theron-monument, Bewaringsbestuursplan, 2012/2013*

Vrystaat geleë, 36 in Transvaal en vier in die Kaap. Meer as 14 154 swart mense het in die konsentrasiekampe beswyk.

Samewerkingsooreenkoms

Ingevolge 'n ooreenkoms wat in 2010 deur die ES en SAEHA onderteken is, is die ES aangestel om alle ABO-verwante terreine (uitgesluit Britse grafte en begraafplase) te herstel en te onderhou.⁶

DOORBULT KONSENTRASIEKAMP TERREIN, HOPETOWN

Die geskiedenis van hierdie kampterrein is uiters deeglik in verskeie tydgenootlike bronne, maar ook sedert 1999 deur mev Wiid self gedokumenteer. Hier volg uittreksels uit haar eerste publikasie, *Oranjerivierkampe*:

Ontstaan van Doornbult

Emily Hobhouse was die eerste persoon wat melding gemaak het van vlugteling by die Oranjerivierstasie. Tydens 'n oornag-stop by Oranjerivierstasie in April 1901, skryf sy in haar dagboek dat sy 'n klein vlugtelingkampie by die stasie besoek het, met vyf tot ses Boerevroue en 24 kinders. Hierdie klein groepie vlugteling het stadig gegroei en was afhanklik van die Britse leer vir kos en slaapplek. Geen rekord van hulle is gehou nie, aangesien die vlugteling spontaan by die stasie opgedaag het en niemand verantwoordelikheid vir hulle aanvaar het nie.

Reeds in Julie 1901 het Kimberley se konsentrasiekamp meer as 4,000 vlugteling oftewel gevangenes uit die Suid-Vrystaat gehuisves. Van hulle het ook op Oranjerivierstasie aangekom. Hulle is net so aan hulle lot op Oranjerivierstasie oorgelaat voordat hulle uiteindelik tente en kos van De Aar af gekry het. Met die nuwe toevoeging tot die klein tydelike vlugtelingkamp is besluit om die kamp op te knap en te herorganiseer. Eers nadat 'n mediese beampte uit Kimberley die kamp besoek het, is besluit om dit as 'n permanente kamp oop te hou, indien meer vlugteling of aangekeerdes sou opdaag.

Kultuurhistoriese belang van die Oranjerivierstasie

Die Oranjeriviertreinstasie is op 12 November 1884 geopen en die treinbrug oor die Oranjerivier is laat in 1885 voltooi. Die granietblokhuis met verskeie kanonskanse op die omringende koppies dui op die belangrikheid van die lewenslyn oor die Oranjerivier. Die pilare van die eertydse brug is steeds sigbaar langs die nuwe dubbelspoorbrug wat in die 1960's gebou is.

⁶ ESA, lêernr 9/1/4, SAEHA Grafte Projek: Memorandum of Understanding between the Heritage Foundation and the South African Heritage Resources Agency

Die Oranjerivierstasie was vir die Britse leër van groot strategiese belang. Nadat die Boerekommando's versuim het om dié belangrike brug oor die Oranjerivier in die eerste fase van die oorlog op te blaas, is dit gou deur 'n afdeling Britse troepe met stellings in die omringende koppe versterk. Dit was ook die hoof militêre hospitaal vir die Britte op pad na Kaapstad en sowat 400 pasiënte kon daar versorg word. Die Oranjerivierstasie en treinbrug was die belangrikste lewenslyn vir die Britse troepe in die Vrystaat en Transvaal en voorraad van meer as 24 ton is daar vir verspreiding geberg. Dit het ook gedien as versamelplek vir troepe met getalle wat deur die loop van die oorlog tussen 14 000 en 24 000 gewissel het.

Die Permanente Kamp

In Augustus 1901 is 'n nuwe permanente vlugtelingkamp by die Oranjerivierstasie beplan. Die eerste terrein was in 'n holte sonder dreinerings en die nuwe kamp moes verder suid, weg van die stasie en rivier af opgerig word. Dit moes inderhaas gebeur voor die Dameskomitee se beplande besoek teen einde Augustus. Met die aankoms van die Dameskomitee op 29 Augustus 1901, was reeds meer as 1,300 blankes en 'n groot getal swartes in die kamp gehuisves. Doornbultkonsentrasiekamp was die enigste kamp waar swart kindersterftes saam met die blanke sterftes aangeteken is en waar die name van sekere individue aan grafte gekoppel kon word.

Die begraafplaas

Tussen Augustus en Oktober 1901 het epidemies landswyd in al die kampe 'n hoogtepunt bereik, met meer as 8,600 sterftes wat in hierdie drie maande aangeteken is. In Doornbult is 79 sterftes in Oktober aangeteken.

Grafte is gemerk met merkers wat uit plat wit blikkies gemaak is, waarop nommers gevef is. Klipmerkers is ook soms gebruik en selfs 'n paar leiklipgrafstene is aangetref. Die vrouens het die begraafplaas met klippaadjes uitgelê en ysterklipprante om die grafte gepak.

Volgens Britse rekords het altesaam 207 inwoners in die kamp gesterf. Dit is egter onduidelik waarom daar meer as 300 grafte op Doornbult is. Voor Augustus 1901 en na Mei 1902 is geen rekord gehou nie. Baie jong kinders, asook doodgebore babas, is gewoonlik nie aangeteken nie. Rekords bevestig dat swart kinders ook in die begraafplaas begrawe is, en ook soms meer as een kind in een graf.

Bestuur en eienaarskap

Ontdekking van Doornbult

In 1996 het Lemmer Wiid, die nuwe eienaar van die plaas Doornbult, 'n merkwaardige ontdekking langs die oewer van die Oranjerivier naby Hopetown in die Noord-Kaap gemaak. Op pad met sy vee na 'n watergat het hy op 'n stuk veld afgekom wat met geroeste blikke,

glasskerwe en porseleinstukkies bestrooi was. Niemand in die omgewing kon die oorsprong van die artefakte in die veld bevestig nie. Saam met sy vrou Rina het hulle na weke se verkenning vermoed dat dit inderdaad dalk 'n ou konsentrasiekampterrein was. Die eerste bevestiging van hulle vermoede was 'n ou foto in die Kaapse Argief van 'n groepie verpleegsters in 'n konsentrasiekamphospitaal. Toe hulle die foto met die terrein vergelyk, het die rante agter die tente op die foto presies ooreengestem met dié op hulle plaas. Hulle vermoede dat hulle bykans 100 jaar later op die oorblyfsels van die eertydse Oranjerivierkonsentrasiekamp, oftewel Doornbultkonsentrasiekamp, afgekom het, is onteenseglik bevestig.

Die unieke waarde van die ontdekking van die erfenisterrein is onmiddellik besef:

Die ES het in Junie 2005 'n huurooreenkoms vir 'n tydperk van nege jaar en elf maande met die eienaars, Lemmer en Rina Wiid, aangegaan. Die ooreenkoms is in Oktober 2012 hernu vir 'n verdere tydperk van 9 jaar en 11 maande.⁷

Ingevolge beide huurooreenkomste is die ES verantwoordelik vir enige skakeling met bewaringsowerhede re enige bewaringsake wat met die konsentrasiekampterrein en/of begraafplaas verband hou. Die ES het aanvanklik 'n projek geloods om alle artefakte wat die Wiids reeds in die veld opgetel het, te registreer en te dokumenteer. In 2007 het die ES in samewerking met prof Willem Boshoff van UNISA 'n argeologiese opgrawingsprojek op die terrein gekoördineer; in 2009 'n aansoek by SAEHA ingedien vir die verklaring van die terrein as 'n nasionale Graad 1-terrein en 'n besoekersentrum op die terrein opgerig. Die vakkundige personeel het ook verskeie publikasies wat Rina Wiid saamgestel het, geredigeer en in sommige gevalle vertaal. Fondse is ook gein vir die vervaardiging van 'n uurlange dokumentêre film oor die geskiedenis en bestuur van die terrein. In 2013 is 'n besoekersentrum opgerig wat mev Wiid as museum ingerig het.

Weens die afstand tussen Pretoria en Hopetown en die feit dat daar steeds aktief op Doornbult en omgewing geboer word, bly die finale dag-vir-dag-bestuur van die terrein wat die instandhouding, ontvangs en hantering van besoekers betref, die verantwoordelikheid van die plaas.

KONSENTRASIEKAMPBEGRAAFPLASE, MAFIKENG

Die twee begraafplase is by die Lothlamoreng-dam op die Vryburg-pad geleë, twee kilometer buite Mafikeng, die hoofstad van die Noordwesprovinsie.

Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in Oktober 1899 was Mafikeng 'n klein dorpie met 'n swart bevolking van ongeveer 7 500 en 1 350 blankes en 'n belangrike spoorweghalte

⁷ ESA, Lêernr. ES 9/8/2/2, Huurkontrak: Memorandum van ooreenkoms aangegaag deur en tussen Kromhout Boerdery Bpk en die Erfenisstigting, 2012.10.17.

tussen die Kaap en Zimbabwe. Die dorp is ook as basis vir die Jameson-inval ('n onsuksesvolle inval van Britse koloniste teen die Zuid-Afrikaanse Republiek) gebruik.

Die groot begraafplaas

Die groot begraafplaas is binne die Lothlamorengdam-terrein geleë, wat tans deur die Barolong boo Ratshidi-stamowerheid en die Noordwes Parkeraad as 'n ontspanningsoord ontwikkel word en die terrein is ook afsonderlik omhein.

Aan die einde van die beleg van Mafikeng in Mei 1900 word die eerste vrouelaer verskuif en was dit die eerste konsentrasiekamp wat in Suid-Afrika opgerig is. As gevolg van swak sanitasie en drinkwater, moes die kamp kort daarna 'n entjie verder verskuif word, waar beter geriewe aangelê is.

Hierdie begraafplaas bevat 825 gemerkte grafte. Dit sluit ook die grafte van 33 burgers in wat tydens of net na afloop van die beleg van Mafikeng in die omgewing gesterf het.

Die kampbewoners is in twee kategorieë ingedeel:

- Kategorie 1: vir die vrouens en kinders van die Britsgesindes
- Kategorie 2: vir die Boeregesindes en hulle plaaswerkers.

Toe Emily Hobhouse die kamp in April 1901 besoek, was daar ongeveer 900 mense. Die omstandighede in die kamp was haglik in terme van sanitasie, higiëne en wanvoeding en het daartoe gelei dat ongeveer 400 mense net in Oktober/November 1901 gesterf het.

Die begraafplase is in 1949 gerestoureer. Fondse hiervoor is onder leiding van 'n plaaslike boer, Wouter de Vos, ingesamel.

Die kleiner begraafplaas

Op aandrang van genl. Kitchener is Kategorie 1-inwoners in Desember 1900 na 'n kleiner kamp verskuif, ongeveer 800 meter suid van die groot kamp. Dié kleiner begraafplaas, Magogwe (vernoem na die stroom wat in die Malopo-rivier vloei), het ongeveer 220 grafte. Daar word aanvaar dat baie meer swart vrouens en kinders ook hier begrawe is, maar nie almal opgeteken is nie.

Pogings is in die 1949's aangewend om die liggame in die klein begraafplaas op te grawe en in die groot begraafplaas te herbegrawe, maar in baie grafte is beendere van twee tot vier liggame gevind en die projek is laat vaar. Daar was ook bewyse dat die lyke in komberse en sakke toegedraai was. Elke een van die 220 grafte is rofweg met klippe aangedui. Vervolgens is 'n klip van elke graf geneem en in 'n stapel ingebou. Elke graf is met reghoekige sementrandstene afgemerk en 'n gedenkteken is by die ingang opgerig.

Aangrensend aan die Magogwe-begraafplaas is latere grafte wat van die 1960's af dateer.

Ander monumente op die terrein van die groot begraafplaas

Die Raad van Nasionale Gedenkwaardighede en die plaaslike Rapportryerskorps het in 1987 'n gedenkmuur by die hoofingangshek van die groot kerkhof opgerig, wat die volgende herdenk:

- Die 33 burgers wat tydens die beleg van Mafeking (13 Oktober 1899-17 Mei 1900) gesneuwel het en in 1934 in 'n massagraf hier herbegrawe is. (Nog grafte van burgers wat in die beleg gesterf het, lê elders in die omgewing.)
- Die 684 kinders en 143 volwassenes wat in die konsentrasiekamp gesterf het. 'n Dankbare nageslag het die monument by die ingang opgerig ter nagedagtenis aan die oorledenes in die kamp.
- 'n Verdere gedenkteken vir die burgers wat tussen 1899 en 1902 gesterf het, is in 1934 deur die Sentrale Burgergrafte Komitee, die "Eer ons helde"-komitee en die Vroue Monumentkommissie opgerig.
- 'n Gedenkmuur waar grafstene ingebou is wat oorspronklik by grafte opgerig was.
- 'n Enkele grafsteen wat deur familie van F.J. Botha (1859-1902) opgerig is.

Bestuur en eienaarskap

Die Kerkraad van die NG Kerk Mafeking het in Januarie 1928 besluit om drie stukke grond van die Regering van die Unie van Suid-Afrika vir die kerk aan te koop, nl. Konsentrasiekampbegraafplase 1, 2 en 3 vir die som van 3/- (koopakte gedateer 7/4/1928).

Die ES neem in 2007 die eienaarskap van die twee begraafplase van die NG Kerk oor en is veronderstel om die terreine in samewerking met die plaaslike Rapportryerskorps en die Barolong boor Rashidi-stamowerheid te bestuur. Daar is egter ondeindige uitdagings m.b.t. projekte, samewerking met plaaslike en provinsiale owerhede asook die SAEHA t.o.v. hierdie terreine.

DIE KROONSTAD KONSENTRASIEKAMPBEGRAAFPLAAS

Die kamp was een van die elf Vrystaatse kampe tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902).

Genl. Kelly-Kenny het op 7 September 1900 voorgestel dat daar in Kroonstad 'n konsentrasiekamp gevestig moes word, en teen 24 November 1900 het die kamp beslis reeds bestaan. Kroonstad se konsentrasiekamp was besonder neerdrukkend. Die terrein het basies uit 'n spoorwagentrum en 'n pakhuis vir militêre voorrade bestaan. Verder was daar wye, stowwerige paaie, 'n tentkamp, 'n tenthospitaal, 'n paar pondokkies, 'n klompie verwaarloosde huisies en 'n lokasie vir swart mense (waarvan die huisies uit paraffienblikke aanmekaargeslaan is). Onvermydelik het 'n kerkhof naby die kamp ontstaan, aangesien die sterftes in die kamp (soos elders) baie hoog was.

Die konstante verkeer van perde en hulle ruiters deur die kamp het veroorsaak dat die terrein in 'n permanente stofwolk gehul was. Die kamp was sentraal geëposisioneer as 'n spoorlyn- en leweringsentrum. Hierdie funksie het gepaard gegaan met die toenemende verspreiding van siektes in die gebied. Britse soldate se teenwoordigheid naby die kamp het die verspreiding van ingewandskoors aangemoedig en verskeie ander aansteeklike siektes is oorgedra deur mense wat deur die gebied beweeg het. Maagkoors, witseerkeel en masels het baie lewens geëis.

Teen Maart 1901 was die Kroonstadkamp al relatief groot, met 'n inwonertal van ongeveer 2 500. Swak administrasie was kenmerkend van die kamp en behuising was onder meer 'n groot probleem. Mense moes baie beknop saamleef, wat die verspreiding van aansteeklike siektes vererger het. Wanvoeding was ook 'n ernstige vraagstuk. Die daaglikse rantsoene wat aan kampinwoners verskaf is, was geheel en al onvoldoende en die eentonige dieet, wat geen groente en rys ingesluit het nie, het veral kinders en bejaardes benadeel. Teen Augustus 1901 het selfs gevalle van skeurbuik in die kamp voorgekom. Van toe af is lemmetjiesap verskaf aan alle kampinwoners wat vir langer as ses maande in die kamp was. Geen kerse of seep is aan die kampinwoners voorsien nie en dit was vir hulle bykans onmoontlik om skoon te bly.

Die deernis van die verpleegster Suster Lizzie Strachan het die situasie in die kamp in 'n mate verbeter. Sy is gewerf van Durban en was 'n Britse vlugteling. Hoewel die Britse magte nie gehoor gegee het aan haar versoek om haar eie kinders na die kamp te bring nie, het sy haar op die versorging van Boerekinders toegespits. Sy het selfs tydens die oorlog 'n hartroerende versoek aan Emily Hobhouse gerig om speelgoed vir die kinders te probeer bekom:

Your generosity gives me courage to apply to you for "dolls". You may think my request a strange one, but to me it is heartbreaking to hear a wee dying girlie craving for a doll and not have one to give her. I have girlies of my own and have to keep them at school, or I could myself supply, but under circumstances, and being a war refugee myself, I cannot afford to buy, much as I would like to... Poor wee girlies! Lots of them have lost father and mother too; to me it is hard to bear the cry for a "poppie".

Suster Lizzie Strachan het tot die einde van die oorlog by Kroonstad se kamp gebly.

In Augustus 1901 was die sterftesyfer onder kinders in die kamp hoër as ooit tevore. As die kinderbevolking van hierdie kamp teen dieselfde spoed moes bly wegval, sou die kamp binne vyf maande totaal van al sy kinders beroof gewees het. Uiteindelik is daar by beraming 1 268 mense in die Kroonstadse kamp oorlede vir die tydperk April 1901 tot April 1902.

Die oorgawe van die Boere het tot gevolg gehad dat die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902 gesluit is. Kroonstad se konsentrasiekamp is egter eers amptelik op 12 Januarie 1903

gesluit en die laaste inwoners het uiteindelik op 4 Februarie 1903 die kamp ontruim. Dus moes die oorlewendes amper twee en 'n half jaar na die aanvang van die oorlog 'n wyse vind om weer hulle lewens te herbou.

Bestuur en beheer

In 1904 is die kerkhof by die Kroonstadse konsentrasiekamp omhein en 'n eenvoudige steenmonument is daar opgerig. Dit is gedoen deur belangstellendes en veral susters van die Moedergemeente – op daardie tyd stip die enigste NG Gemeente in die omgewing.

Sedert 1932 het die Helledagkomitee en daarna die Volksfeestekomitee die kerkhof versorg. Eersgenoemde komitee het op 10 Oktober 1936 'n nuwe monument van graniet in die hoofstraat voor die Landbankgebou onthul. Weens die toename in verkeer in latere jare is die monument eers na Van Riebeeckpark verskuif en in 1964 na die kampkerkhof.

Gedurende 1960 het die herstel van die kampkerkhof by die bestuur van die toentertydse Volksfeestekomitee ter sprake gekom. Na lang onderhandelinge is toegestem dat die Raad die konsentrasiekampkerkhof sou herstel. Met die restourasie van die kerkhof in 1964 is 'n afbeelding van die 1904-monument op die 1936-granietmonument aangebring. Die kampkerkhof is op 25 September 1964 luisterryk ingewy deur die voormalige staatspresident, adv. C.R. Swart.

Hierdie konsentrasiekampkerkhof herinner ons nie slegs aan die swaarkry van Afrikaners in Kroonstad tydens die Anglo-Boereoorlog nie, maar aan alle individue wat op een of ander wyse in hierdie gebied deur die oorlog geraak is. Die erfenisgemeenskap moet toesien dat hierdie kerkhof as 'n tasbare herinnering vir die nageslag bewaar word en in ere gehou word.

In 2013 het die Kroon-Verkenneersbeweging van Suid-Afrika die eiendom vir 'n bedrag van R500 aan die ES laat oordra.⁸

Volgens die Nasionale Erfenisbewaringswet, Wet 25 van 1999, word alle terreine en strukture met kultuurhistoriese waarde, ouer as 60 jaar outomaties deur die wet beskerm. Alle Anglo-Boereoorlogterreine is m.a.w. beskerm en is Provinsiale Erfenisterreine, tensy anders verklaar. Hoe dit ook al sy, die ES het die verantwoordelikheid vir die versorging en herstel van die terrein oorgeneem en het in Mei 2013 'n grootskaalse restourasieprojek onderneem. 'n Gedenkplaat is op 13 Oktober 2013 aldaar onthul.⁹

⁸ ESA, Lêernr 9/7/9/2, Kroonstad regsdokumente, Koopkontrak, Erf 7744, Kroonstad, uitbr.11

⁹ Onthullingsplegtigheid, 2013.10.13